

9 September

Skrifgedeelte: Handeling 28:11-31; Filippense 1:12-13

Fokusgedeelte: Handeling 28:16(b) (OAV)

## Die koninkryk van die hemele oorwin!

Ons moet onthou dat die name van die Bybelboeke nie kanon is nie. Hierdie name is later aan die boeke gegee. Daarom moet ons ons nie blind staar teen die naam "Handeling van die apostels" nie. Eintlik is dit 'n foutiewe benaming, omdat Lukas deur die Heilige Gees gedryf was om hierdie geskiedenis juis só neer te pen, en nie maar net 'n biografie van Paulus wou skryf nie.

Wat die Heilige Gees as ware Outeur vir ons in hierdie geskiedenis geopenbaar het, is meer as net 'n paar reisbeskrywings. Hy het aangetoon hoe Christus verhoog is; hoe Hy die troon bestyg het as Koning van sy kerk op aarde, en hoe Hy deur sy apostels die evangelie laat uitbrei het van Jerusalem (waar die Heilige Gees uitgestort is en op die eerste dag reeds 3 000 mense tot geloof gekom het); hoe Paulus deur Christus tot geloof gebring is en Hy hom gebruik het om die evangelie aan die heidene te verkondig.

Die Heilige Gees het aangetoon hoe Christus sy kerk en koninkryk laat groei en uitgebrei het van Jerusalem, deur die hele Judea, Galilea, Klein-Asië, en uiteindelik Europa. Meer nog: Die Heilige Gees wys hoedat die koninkryk van die hemele die magtige Romeinse Ryk oorwin het, nie deur die swaard nie, maar deur die Woord.

Christus lei Paulus só dat hy hom op die keiser beroep ná sy gevangeneeming deur die Jode. En Christus stuur Paulus na Rome, die hoofstad van die Romeinse Ryk. En Hy bewerk dit so dat die soldate wat Paulus moes oppas, juis van die keiserlike wag was. En deur Paulus se prediking het daardie ruwe soldate tot geloof gekom in die ware Koning, Jesus Christus. So het Christus gesorg dat die keiser eintlik die gevangene geword het, en nie Paulus nie, want dienaars van die ware Koning het die keiser bewaak.

Al lyk dit vir ons asof die kerk verklein, of die getal gelowiges al minder word, onthou: in die dae van Elia was daar maar 5 000 wat die knie nie voor Baäl gebuig het nie! Hier lees ons: met 12 apostels het Christus die Romeinse Ryk oorwin!

Sing: Psalm 89:1, 6 (Totius)

Ds EFJ Snyman (Emeritus)